

Son DIE SON SIEN ALLES **PRAAT** op sondag

Regeringslui verkrag Madiba se beginsels

EEN van die groot lesse wat ons uit die lewe van wyle Nelson Mandela kan leer, is sy beginselvastheid. Hy het onwrikbaar bly glo in die korrektheid van sy saak en was bereid om daarvoor te sterf.

Deur sy jare in die gevangenis het die apartheidsregering met allerlei taktieke gekom om Madiba van sy beginsels te laat afsien, maar hy het hulle elke keer die rug toegekeer.

Selfs toe hulle hom in die 1980's onder sekere voorwaardes sy vryheid aangebied het, was Mandela nie bereid om dit te aanvaar nie.

Sy vryheid was vir hom belangrik, maar die vryheid van sy mense was nog belangriker.

Baie staatsamptenare en politici wat vandag in die nasionale, provinsiale of plaaslike regering hoë poste beklee, skiet te kort wat hierdie fundamentele vergelyking met Mandela betref.

Hulle het hul beginsels lankal vir 'n pot lensiesop verruil. Al sien hulle die armoede en ongelykheid om hulle, is hul eie welvaart vir hulle belangriker. Baie van die nuwe staatsamp-tenare en politici – voormalige comrades van die struggle wat op die Vryheidsmanifes gesweer het – suig die staatskas leeg met onbevoegdheid, tenderbedrog en naakte plundery.

Dit gebeur terwyl die meerderheid in die land nie ordentlike huise, lopende water of sanitasie-geriewe het nie. Die vet katte ry met hul slap motors deur die plasse water en slaggate om leë beloftes aan die kiesers te kom maak.

Hulle misbruik hul posisie om poste aan familie en vriende te gee. Hul gewete pla hulle nie eens nie. Maar hulle waag dit om die naam Mandela oor hulle lippe te uiter. Dit terwyl hulle hul eie belange bo dié van die mense plaas.

As jy dus vandag onder die bogenoemdes val, behoort jy jou kop in skaamte te laat sak.

Draai om van jou verkeerde weë! Dit baat niemand ons vier Mandeladag, maar ons handel en wandel is 'n klad op sy goeie naam nie.

Seën aan Moslems


ONS wens ál *Son op Sondag* se Moslem-lesers en -adverteerders 'n geseënde Eid toe. Ons spreek ook seënninge uit oor ál ons Moslem-broers en -susters regoor die wêreld, veral in plekke waar daar op die oomblik konflik is. Mag hulle ook binnekort vrede en voorspoed ervaar.

Een van die kosbaarste vryhede wat ons in ons Grondwet het, is die vryheid van geloof.

Dit bied aan almal in dié land die ruimte om te glo soos hulle wil. Geeneen se geloof word afgedwing op 'n ander nie. Dit skep die vrede wat ons vandag tussen geloofsoortuigings het.

Talle geloofsgemeenskappe leef in vrede met mekaar, hoewel hulle oor fundamentele dinge verskil. Wanneer dit saak maak, vat hulle selfs hande en bid saam vir 'n vreedsame samelewing. Op hierdie manier dien hulle as 'n voorbeeld vir die res van die wêreld.

Mag die vrede en respek voortduur wat daar onder geloofsgemeenskappe in ons land is!



KYKIE, HOORIE!

Gasskrywer van die week

SALMON SMITH



FANTASIE KORT IN AFRIKAANS

OF DIT nou *Sneeuwitjie* of *Rooikappie* was, was dit vir my as kind so lekker om weggevoer te word na 'n droomwêreld van fantasie.

Om te kan ry op die rug van 'n swaan, hoog bokant donker woude of om wegkruipertjie te speel met elwe tussen hul sampioenhuise – man, dit was so lekker om te kon ontsnap na daai ryk verbeelding van my sorgelose kindertoe.

Jare later het ek self tot die skrywers-gemeenskap toegetreë en toe het ek dit my visie gemaak om self tot daardie genre by te dra: Fantasie, wat oud en jonk kan wegvoer – ver weg van die wrede werklikheid van misdaad, bendebedrywighede en korrupsie na 'n sorgelose wêreld vol vreemde karakters en hul avonture.

Ek wil dit vertel in my eie taal, my moedertaal: Afrikaans.

Ek wil my eie *Sneeuwitjie* skep en lesers op daardie fantastiese avontuur neem en hul verbeelding vrye teuels gee.

Tot my skok ontdek ek toe dat fantasieverhale in Afrikaans skaarser as hoender-tande is.

Dit is meesal net in Engels beskikbaar.

So baie idees het in my kop gebroei, maar ek kon geen uitgewer kry wat egte Afrikaanse fantasieboeke publiseer nie.

'n Bekende Afrikaanse tydskrif het ook destyds sy neus opgetrek vir my moedige pogings wat ek aan hom

gestuur het.

Dis eintlik 'n skreiende skande dat fantasie so gruwelik afgeskeep word in ons taal.

En daar het ek gesit met my kop vol ander wêreldse karakters en avonture, maar geen afsetpunt om daaraan gestalte te gee nie.

My droom was dood gebore...

Dis tóe dat my letterkundige ghoeroe-vriend Joe Botha my aan *Afrifiksie.com* bekendstel.

Dit is 'n webtuiste waar skrywers van wetenskapfiksie en fantasie idees in dié genres kan uitruil.

In samewerking met Thompson Boekdrukkery bied dit ook jaarliks kortverhaalcompetisies in dié kategorieë aan.

Hier kan aspirantskrywers groei in hul drome om volwaardige skrywers te word.


Gou was ek lid van 'n familie wat vir mekaar omgee, wat dieselfde ideale koester en 'n gemeenskaplike droom deel – om 'n stem te gee aan fantasie en wetenskapfiksie in Afrikaans.

My eerste twee fantasie-jeugkortverhale, – *Die vreemde blou perdjie* en *Finale dimensie* – is ingedien vir die kortverhaal-competisie vir 2015 en het wonderlike kommentaar van sommige van die skrywers

gekry.

Daar was ook nie te kort aan aanmoediging nie.

Dit is net wat my skrywersiel nodig gehad het om my droom terug na die



ONTSNAP NA VERBEELDING: Die skrywer soek oorspronklike fantasieverhale in sy moedertaal, Afrikaans. **FOTO VERSKAF**

lewe te skok.

Ek voel dat ek tuisgekom het na 'n hegte familie wat mekaar se belange op die hart dra.

So, ek raai Afrikaanse skrywers aan om lid te word van dié familie.

Laat ons opstaan vir ons taal. Laat ons gestalte gee aan daai anderwêreldse avonture in ons taal, ons moedertaal: Afrikaans!

SMS JOU MENING OOR DIE STORIE AAN 31446

NUUSMAKER

Lucky Montana, die uitvoerende

VAN DIE WEEK

hoof van die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (Prasa), is afgedank. Prasa het Donderdag in 'n verklaring gesê Montana is Woensdag met onmiddellike effek afgedank. Prasa is onlangs gekritiseer oor die aankoop van nuwe diesellokomotiewe van Spanje, asook oor 'n tender van R51 miljoen vir die aankoop daarvan.

Fin24 berig dat ingenieurs Prasa herhaaldelik gemaak het dat die lokomotiewe te hoog is vir plaaslike spoorlyne en dat dit oorhoofse kables kan beskadig. Prasa het hom egter aan hulle afgegee.

